**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.: 399/2006

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>MANAHA MARIA SEFATSA</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** BECKLEY, R *et* VAN ZYL, R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** VAN ZYL, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 1 FEBRUARIE 2007

---

[1] Beskuldigde het in die Landdroshof, Zastron, tereggestaan op ‘n aanklag van bedrog ten bedrae van R9240.00. Sy het skuldig gepleit op hierdie aanklag en is dienooreenkomstig skuldig bevind. Beskuldigde is daarop gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf. Die Verhoorhof het voorts gelas dat die beskuldigde ooreenkomstig die bepalings van artikel 300 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, vergoeding aan die Departement van Sosiale Ontwikkeling, synde die

klaer, betaal in die bedrag van R9240.00.

[2] Die saak het op outomatiese hersiening voor my gedien en het ek die volgende navraag tot die Verhoorlanddros gerig:

> "Waarom is 'n bevel ten opsigte van vergoeding gemaak as dit duidelik is dat die beskuldigde nie die vermoë het om dit te betaal nie? (Sien **S v BALOYI** 1981 (2) SA 227 (T))."

In antwoord op voormelde navraag, het die Verhoorlanddros as volg geantwoord:

> "1. In antwoord op haar Edele die Hersieningsregter se navraag is dit inderdaad so na aanleiding van **S v BALOYI** 1981 (2) SA 227 (T) dat die hof fouteer het deur 'n vergoedingsbevel onder die omstandighede toe te staan gesien in die lig dat die beskuldigde nie oor enige fondse beskik om te betaal nie.
>
> 2. Alhoewel die bevel 'n uitwerking van 'n siviele vonnis het, het ondervinding geleer dat daar waarskynlik nooit tot sodanige stappe oorgegaan sal word nie in die lig van beskuldigde se vermoë om te betaal of enige bates besit nie.
>
> 3. Die Hof versoek respekvol dat die bevel onder artikel 300, Wet 51/77 ter syde gestel word."

[3] Na my mening is die skuldigbevinding op grond van beskuldigde se pleit van skuldig, heeltemal in orde. Ek is

eweneens van mening dat die opgelegde vonnis van 12 maande gevangenisstraf in orde is. Dit blyk uit die artikel 112(1)(b) ondervraging dat die aanklag en skuldigbevinding daaruit voortspruit dat beskuldigde 'n prokurasiehouer was van ene Agnes Phiri en maandeliks namens Phiri haar pensioen ontvang het. Agnes is egter oorlede op 3 Januarie 2005. Beskuldigde het nie die Departement van Sosiale Ontwikkeling in kennis gestel van Agnes se afsterwe nie en het gevolglik voortgegaan om maandeliks die pensioengeld te ontvang vanaf die tydperk 10 Januarie 2005 tot 15 Desember 2005. Hierdie geld het sy vir haarself toegeëien, hoewel sy dit ook gebruik het om vir Agnes se begrafnis te betaal.

[4] Wat haar persoonlike omstandighede betref, blyk dit dat beskuldigde 49 jaar oud is en hoewel sy getroud is, woon haar man in Lesotho terwyl beskuldigde in Zastron woonagtig is. Sy het 5 kinders, die oudste waarvan ter strafversagting getuig het en in wese die persoonlike omstandighede van beskuldigde gestaaf het. Beskuldigde is

werkloos en so ook haar man. Dit blyk uit die oorkonde dat beskuldigde spesifiek vermeld het dat sy geen geld het om aan die Departement terug te betaal nie. Haar seun het ook getuig dat beskuldigde nie in staat is om die geld terug te betaal nie en dat daar ook nie familielede is wat haar behulpsaam kan wees om die geld terug te betaal nie. Tydens betoog het die aanklaer vermeld dat "beskuldigde kan nie die geld terugbetaal nie maar versoek (ek) tog die hof om so 'n bevel toe te staan". Die Verhoorhof het daarop in terme van artikel 300 van Strafproseswet gelas dat beskuldigde die Departement van Sosiale Ontwikkeling moet vergoed in die bedrag van R9240.00.

[5] In **<u>S v BALOYI</u>** 1981 (2) SA 227 (T) op 229 G – H is as volg beslis:

> "The provisions of s 300 of the Act do not oblige the court to make an order for compensation. Indeed, it is pointed out by the learned author of Hiemstra on Suid-Afrikaanse Strafproses 2nd ed at 547:
>
> > "Hierdie artikel sal gebruik word wanneer die persoon

> kan betaal, of waarskynlik bates besit wat in eksekusie verkoop en voldoende sal oplewer om die koste en die skade of die grootste deel daarvan te dek."
>
> In the present case the magistrate was correctly satisfied that the appellant would not be able to make any substantial repayment. He also was satisfied that there was no assets which would render any substantial amount in execution. Having come to those conclusions I am of the opinion that the magistrate misdirected himself in nevertheless making the order in question. It is especially inappropriate where an accused is to be sent to prison for a substantial period of time and has no assets. ... I would accordingly set aside the order made under s 300 of Act 51 of 1977."

Dit is ook voorheen in **S v BEPELA** 1978 (2) SA 22 (BH) op 24 F – G beslis dat:

> "In any event, where a compensatory order is being considered, the possibility of executing upon it as a civil judgment should be investigated. It could be a useless order if the accused has no money or other assets."

[6] Soos reeds vermeld blyk dit duidelik dat beskuldigde

geensins in ‘n finansiële posisie is om enige vergoeding aan die Departement te betaal soos deur die Verhoorhof gelas nie. Dit is dus duidelik uit voormelde gesag dat daar nie ‘n vergoedingsbevel in hierdie aangeleentheid gemaak moes gewees het nie en is die Verhoorlanddros se toegewing dat die vergoedingsbevel ter syde gestel behoort te word, na my mening heeltemal tereg gemaak.

[7] In vooropstelling word die volgende bevele verleen:

1. Beide die skuldigbevinding en die opgelegde vonnis word bekragtig.

2. Die vergoedingsbevel verleen ooreenkomstig die bepalings van artikel 300 van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, word ter syde gestel.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**A.P. BECKLEY, R**

/em